WIPPLANK… - PRAATPAPIER

Vooraf wenke:

- *Sit in 'n kring of rondom 'n tafel*
- *Hou dit gemaklik en eenvoudig*
- *Gee vir almal 'n kans om te praat en te LUISTER!*

KOM SAAM

✓ Wat is jou droom vir 2019? Het jy een?

LEES SAAM:

Teksgedeelte Markus 10:13 – 16, 32 – 45, 1 Korinthiers 8:1 – 3, Efesiërs 2:19 - 22 (Gebruik gerus 'n ander vertaling by van die lesings vanaand.)

✓ Lees die gedeelte. Wie ken die verhaal? Wat hoor jy in die gedeelte oor verhoudings? Wat hoor jy oor "mag" in verhoudings? Wat tref jou? Watter emosies bring die gedeelte in jou op? Watter vrae?

PRAAT SAAM:

- ❖ Wipplanke is 'n mooi metafoor van hoe mag in ons verhoudings en kerkwees is. Wipplanke is of die lekkerste plek om op te speel of die slegste – dit hang net af van hoe ons met mekaar is. Ons kan mooi gebalanseerd wees en lekker op en af beweeg, of ons kan heeltemaal die punt mis en al die mag een kant sit en dan ry niemand nie OF nog erger – ons kan halfpad deur die speel net afklim en die ander kant kom hard terug aarde toe. Ken jy sulke ervarings? Wat is jou ervaring van wipplank ry? Wanneer laas het jy wipplank gery?
- ❖ Wat wil die gedeeltes vandag vir ons vertel oor "mag" in ons kerkwees en verhoudings?
- ❖ As jy dink oor ons gemeente voel jy jy ry saam wipplank of nie? Hoekom is dit so? Wat moet gebeur dat jy "saam" deel kan voel van hierdie besondere huisgesin van God op SY Wipplank? Waar by die gemeente kan JY help om die Wipplankry lekker te maak?
- ❖ Dit is interessant hoe Markus 10 baie praat oor "mag". Jesus seën klein kindertjies en moedig mense aan om soos hulle te wees – sonder oordeel&veroordeel, grootoog oor die mooi en WOW in die lewe, en bo alles OPGEWONDE oor Jesus! Net 'n paar verse aan (dalk 'n dag of twee na die kindertjies geseën word) kom Jakobus en Johannes met 'n baie verwaande versoek na Jesus. Hoe reageer Jesus? Wat wil Hy vir ons daardeur sê oor ons kerkwees/verhoudings/Wipplankry met mekaar?
- ❖ Die week het klomp kindertjies skool toe gegaan. Een so storie oor 'n skool in Noordwes het veral aandag getrek. Wat wys die wye reaksies oor hierdie storie ons oor "mag" en "oordeel" en "verwaandheid" van mense – BEIDE kante van die saak! Was daar regtig in LIEFDE omgegaan met mekaar? Die kinders? Ouers? Gemeenskap? Lees weer Paulus se antwoord aan die Korinthiërs oor die vleis. Hoe begin hy sy antwoord? Hoe beantwoord ons vraagstukke soos dit vandag? Soos die skoolstorie? En verskillende opinies oor die doop? Oor lidmaatskap? Oor musiek en sang?
- ❖ Waarmee daag Jesus en Paulus JOU uit die week in jou GESIN/FAMILIE, jou GROEIGROEP/VRIENDEKRING, jou KOLLEGAS/WERKNEMERS en by die KERK?

BID SAAM

- ➢ **Dankgebed:** Jesus, dankie dat U my deel maak van 'n gesin/familie/kring/groep/geloofsfamilie.
- ➢ **Oorgeegebed:** Help my asb om meer lief te wees vir hierdie mense in my lewe en dat ek almal 'n kans sal gee en gun en help my asb dat ek nooit met MY kennis verwaand sal raak en mense seer sal maak nie.
- ➢ **Seëngebed:** Mag jy wipplank gaan ry saam met die Here en Sy liefde voel en beleef en mag jy dan ook saam ander wipplankry en dit geniet!

LEEF SAAM

- o Gaan soek of maak 'n wipplank (of teken een) en gaan speel as gesin/groep/kring net weer in liefde saam. Dalk is die wipplank om 'n bordspeletjie aft e haal of te help met huiswerk of net gaan kuier en gaan luister.